

Ukulinga - `n Suid Afrikaanse staatmaker.

Ukulinga II (geel)

Ukulinga is 'n sterk groeier met `n baie goeie weerstand teen skurfsiekte (scab) en is die nommer een kultivar keuse vir hoë reënval gebiede in Suid Afrika. Produksie is baie konstant en feitlik geen dowwe neute word gevorm nie. Ukulinga is apikaal dominant wat beteken dat die bome sterk groei maar min sytakke vorm, daarom is behoorlike vormsnoei noodsaaklik. Die boom vorm sterk mikke en die takke wat wel breek veroorsaak min permanente skade. Neute is goed gevul met `n uitdop persentasie van 50% - 55%, maar weens die dik dop moet neute apart geoes word om die beste prys te realiseer. Ukulinga bot vroeg en word nie aanbeveel vir areas met baie laat strawwe ryp nie.

Bestuiwing:

Ukulinga is `n uitstekende bestuiwer vir homself en vir verskeie ander kultivars en lewer goeie stuifmeel vir `n baie lang periode. Die eerste vroulike blommetjies sal ontvanklik wees voor stuifmeel storting begin, daarom sal Ukulinga baat by vroeë bestuiwers soos Sutex of Cape Fear om produksie te verhoog. In die warmer Westelike produksie gebiede soos Modimolle en Marble Hall kan Ukulinga geplant word om Wichita te help bestuif.

Voordele

- Goeie weerstand teen skurfsiekte.
- Konstante opbrengs
- 1.8 ton Kultivar
- Goed gevulde neute
- Baie goeie bestuiwer.
- Sterk mikke.

Nadele

- Bot vroeg
- Dik neudop
- Neute moet apart ge-oes word
- Baie welige groeier
- Intensiewe vormsnoei

Nuwe aanplantings:

Ukulinga is `n uitstekende keuse as hoofkultivar in die Oostelike hoë reënval gebiede en bly `n staatmaker waar skurfsiekte die beperkende faktor is.

Opgestel deur Heiko Meier.